



**2020**  
**DOKUMENT C12 DOCUMENT**  
**TUIGKLASSE | HARNESS CLASSES**  
**Universeel & Tradisioneel | Universal & Traditional**

Verw.: 2020 Dokumente C4; C5; C6; | Ref.: 2020 Documents C4; C5; C6

Die Engelse vertaling van hierdie dokument sal eersdaags beskikbaar wees.  
 This document will be translated in English soonest.

	<b>INHOUD</b>	<b>INDEX</b>
<b>1</b>	TUIGKLASSE	<i>DRIVING CLASSES</i>
<b>2</b>	TOERUSTING	<i>EQUIPMENT</i>
<b>2.1</b>	KAR & TUIG	<i>CART &amp; HARNESS</i>
<b>2.2</b>	KARRE	<i>CARTS</i>
<b>2.3</b>	TUIG	<i>HARNESS</i>
<b>3</b>	BEWEGING VAN DIE TUIGPERD	<i>MOVEMENT OF HARNESS HORSE</i>
<b>3.1</b>	STAP	<i>WALK</i>
<b>3.2</b>	SAAMGEVATTE DRAF	<i>COLECTED TROT</i>
<b>3.3</b>	GESTREKTE DRAF	<i>EXTENDED TROT</i>
<b>3.4</b>	INKOM & HALT	<i>LINE UP &amp; HALT</i>
<b>4</b>	DIE POSISIE VAN DIE KOETSIER	<i>POSITION OF THE DRIVER</i>
<b>5</b>	BEOORDELING	<i>JUDGING</i>
<b>5.1</b>	BEOORDELAARSKRITERIA	<i>GENERAL JUDGING CRITERIA</i>
<b>5.2</b>	ALGEMENE BEOORDELAARSPROSEDURE	<i>GENERAL JUDGING PROCEDURES</i>
<b>6</b>	SIERTUIG	<i>FINE HARNESS</i>
<b>6.1</b>	DIE STAP	<i>WALK</i>
<b>6.2</b>	DIE PRONKDRAF	<i>PARK TROT</i>
<b>7</b>	BES AFGERIGTE ENKELTUIG PERD	<i>BEST SCHOOLED SINGLE HARNESS HORSE</i>
<b>7.1</b>	MOONTLIKE KOMPONENTE	<i>POSSIBLE COMPONENTS</i>

## 1. SKOUKLASSE / DRIVING CLASSES

Hierdie is die basiese tuigklasse sonder kombinasies. Sien **KLASLYS** verdere inligting t.o.v. kampioenskappe, outomatiese kampioenskappe & kruisinskrywings.

*The table below list the basic driving classes, without combinations. See **CLASS LIST** for further information regarding championship qualifications, automatic championships & cross entries.*

TRADISIONEEL / TRADITIONAL		UNIVERSEEL / UNIVERSAL
SIERTUIG / FINE HARNESS	AFSONDERLIKE KLASSE VIR 6+ & -6 / SEPARATE CLASSES FOR 6+ & -6	ALLE KLASSE IS OOP / ALL OPEN CLASSES
	T ENKELTUIG HINGSTE T SINGLE HARNESS STALLIONS	U ENKELTUIG HINGSTE U SINGLE HARNESS STALLIONS
	T ENKELTUIG MERRIES T SINGLE HARNESS MARES	U ENKELTUIG MERRIES U SINGLE HARNESS MARES
	T ENKELTUIG REUNS T SINGLE HARNESS GELDINGS	U ENKELTUIG REUNS U SINGLE HARNESS GELDINGS
DAMES SIERTUIG KOETSIER 19+ LADIES' FINE HARNESS DRIVER 19+	T DAMES ENKELTUIG 19+ T LADIES' SINGLE HARNESS 19+	U ENKELTUIG PLESIERPERD U SINGLE HARNESS PLEASURE HORSE
MANS SIERTUIGKOETSIER19+ GENTLEMEN'S FINE HARNESS, 19+	T MANS ENKELTUIG 19+ T GENTLEMENS SINGLE HARNESS 19+	U DAMES ENKELTUIG 19+ U LADIES' SINGLE HARNESS 19+
SIERTUIG KOETSIER BO 12, ONDER 19 / FINE HARNESS DRIVER OVER 12 UNDER 19	T ENKELTUIG KOETSIER BO 12 ONDER 19 T SINGLE HARNESS DRIVER OVER 12 UNDER 19	U MANS ENKELTUIG 19+ U GENTLEMENS SINGLE HARNESS 19+
		U ENKELTUIG KOETSIER BO 12, ONDER 19 U SINGLE HARNESS DRIVER OVER 12, UNDER 19

## 2. TOERUSTING

### 2.1 KAR & TUIG

### 2.2 KARRE / CARTS

Die volgende tipes rytuie mag gebruik word:

- ✓ Vierwiel spider met ligte rubberbande;
- ✓ Ligte moderne vierwiel kar met fietsbande soos bv. "Aasvoël";

→ Alle karre moet in 'n goeie en veilige toestand wees;

→ Wiele moet gebalanseerd wees.

- \* Geen advertensies van stoete of produkte vir reklame mag aan die kar aangebring word nie.

*The following types of carts may be used:*

- ✓ *Four wheel spider with light rubber tyres;*
- ✓ *Light modern 4-wheel cart with bicycle tyres;*

→ *All carts must be in a good and safe condition.*

→ *Wheels must be well balanced.*

- \* *No advertisements or logo's of any kind may be displayed on the cart.*

### **Foute & diskriminasies**

- \* Foutiewe inspanpraktyk
- \* Vuil wielnawe

- × Ongebalanseerde wiele.
- × Enkel-as karre wat nie in balans is nie (Enkel-as karre is ontoelaatbaar by enkeltuig klasse)


### 2.3 TUIG(TUIE) / HARNESS(HANESSES)

- Skou-tuie moet skoon en netjies vertoon.
- Dit moet die perd goed pas.
- Alleenlik swart of bruin egte leer of sintetiese tipe leer tuie sal toegelaat word.
- Netjiese tuisgemaakte tuie is toelaatbaar, solank dit voldoen aan al onderstaande vereistes.
- *Show harnesses must be clean and tidy.*
- *It must fit the horse properly.*
- *Only black or brown leather, or synthetic type leather harnesser will be allowed.*
- *Neat custom made harnesses are allowed as long as they conform to all the requirements described below.*

#### 2.3.1 Verskille Tussen Enkel- & Dubbeltuig / Differences Between Single- & Double Harness

'n Enkeltuig is gemaak vir een perd. Die tuig verskil van die enkel deel van 'n dubbeltuig in onder meer die volgende opsigte:

- Die borsriem of borsketting asook die borsriemring ontbreek.
- Die draagriemlussie ontbreek op die skof of nektaal
- Die leisels is nie gesplete nie.
- Die rugsaal het nie plek vir die disselboomgord nie.
- Die teenwoordigheid van 'n disselboomgord en disselboomringe of lusse ontbreek.



#### 2.3.2 Rugdele

Enkel- en dubbeltuie bestaan uit basies dieselfde dele, naamlik:

1. Stuurdeel
2. Trekdeel
3. Dradeel
4. Remdeel

##### 2.3.2.1 Stuurdeel: Toom & Gebit

Die stuurdeel bestaan uit die toom en gebit.

##### Toomdele

Die toom moet so gestel word dat dit stewig aan die perd se kop sit. Is dit te styf gestel, trek die gebit te hoog op. Is dit te los gestel, trek die wangstukke bak as die leisels getrek word.

- Neusband;
- Oogklappe;
- Oogklap-Ophaler;
- Kroonband;
- Sterband;
- Wangstuk;
- Keelband;
- Stang / Trens;
- Ophaler (Opsioneel);
- Ophalertrens. (Opsioneel).

##### Gebit

Die volgende **gebit** met mondstukke en wangstukke nie langer nie as 12cm nie, is toelaatbaar (Sien ingevoegde voorbeelde):

- ✓ “Liverpool” standaard;
- ✓ Kimblewick.

Alle variasies van enkel- of dubbel skakel trense met rollers en/of skakels moet binne die dimensies en vlak van die hele mondstuk en met geronde oppervlaktes wees.

- ✓ Dubbelring tuigtrens (Wilson snaffle);
  - ✓ D-trens;
  - ✓ Gewone “Egg butt” trens;
  - ✓ Duitse trens met los ringe;
  - ✓ Franse trens met dubbel skakel;
  - ✓ Rubber of ander gladde (nylon) nie-metaal trense;
  - ✓ Trense met reguit mondstukke;
  - ✓ Trense met wangstukke.
- 
- ✗ Die mondstuk mag nie kantig, gekartel of van draad of ketting wees nie;
  - ✗ Draad mag nie om die mondstuk gedraai wees nie;
  - ✗ Tuisgemaakte gebit is ontoelaatbaar;
  - ✗ Trense mag nie dunner as 8mm wees waar die mondstuk en die ringe skarnier by die hoek van die bek nie;
- ✓ Daar moet ’n 10mm spasie weerskante van die bek wees;
  - ✓ Die trens moet hoog genoeg in die bek pas en moet een velvou in die mondhoek maak.

## VOORBEELDE VAN TOELAATBARE GEBIT EN OPHALERTRENSE

### Ophaler Gebit / Trense

- Die dikte van ophalertrens moet ooreenstem met 3-en 5gang skelmtrensie
- Ophaler gebit mag nie dunner as 6mm wees nie.

### Ophalertrens (Opsioneel)

Die volgende **ophalertrens** is toelaatbaar:

- ✓ Gewone skelmtrens met een stel los ringe en een skakel in die mondstuk (“German loose ring snaffle” tipe)
- ✓ Skelmtrens met een stel los ringe en twee skakels in die mond (“Elliptical link, French link of KK”)

Die volgende **ophalertrens** is **ONtoelaatbaar**:

- ✗ Met meer as een mondstuk
- ✗ Met ’n ketting, rollers of gedraaide draad
- ✗ D-trens
- ✗ Geen tuisgemaakte trense

### Afhaler

Die gebruik van ’n afhaler (“martingale” of springteuel) aan die leisels is opsioneel. Dit moet egter voorsien wees van **teuelstoppers** indien dit wel gebruik word

### 2.3.2.2 Trekgedeelte

Die trekgedeelte bestaan uit die volgende komponente:

- Trekrieme (stringe “traces”) wat die trekkrag van die borsplaat na die kar oordra.
- Borsplaat.

*Traces. The straps or chains which take the pull from the breast collar or hames to the load*

### 2.3.2.3 Dradeel

Die dradeel bestaan uit die volgende komponente:

- Neksaal (ook bekend as skofsaal of kamsaal, met of sonder leiselringe);

- Borsplaat ophaler;
- Rugsaal of saaltjie met buigord leiselringe, asook ophaler hakkie;
- Broekophaler of Kruisbande;
- Stringophaler.

### 2.3.2.4 Remgedeelte

Die remgedeelte bestaan uit die volgende komponente:

- Rugkoppel met kruislussie;
- Stertriem;
- Disselboomgord en disselboomringe (slegs enkeltuig – dien ook as dradeel);
- Broek;
- Broekriem;
- Borsriem.

Alhoewel die beul deel van die disselboom is en nie deel van die tuig nie is dit onontbeerlik in die rem proses, net soos wat die swingels onontbeerlik is in die trek proses.

## 3. BEWEGING VAN DIE TUIGPERD

Die onderstaande rasstandaarde van die SA Boerperd, vorm die basis van afrigting, vertoning en beoordeling van die tuigperd.

**TRADISIONEEL:**  
**“Matige hoër, lang veerkragtige treë wat grond dek.  
 (Hare en stert mag nie gevleg wees nie)**

**UNIVERSEEL:**  
**“Matige laer, lang veerkragtige treë wat grond dek.  
 (Hare & Stert mag gevleg wees – vals sterte en bollas toelaatbaar)**

**Agter bene moet goed onder die lyf inwerk en gewig van die voorkwart wegneem. Al vier bene moet spoor met ander woorde, reguit vorentoe beweeg wanneer van agter of van voor gesien”.**

### 3.1. STAP

- Stap is ’n duidelike 4-slag maat;
- Die enkeltuig perd moet met lang veerkragtige treë vorentoe stap;  
 Agterkwart moet aktief wees en met agterhoewe op of oor die voorhoefspore trap;
- Perd moet flink en vloeiend stap met ewe lang treë (ritmies);
- Nek hoog en geboë;
- Kop in ’n vertikale lyn;
- Perd moet lig bly in voorkwart en sag en die koetsier se hande wees;
- SA Boerperde moet goed en platvoet kan stap;
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB);
- Die perd moet spoor;
- Perd moet wakker en gereed lyk vir die volgende gang;
- Die kar moet met elke treë saam gevat word.

### Foute & Diskriminasies

- ✘ Perd dek nie grond nie;
- ✘ Perd konsentreer nie;
- ✘ Perd wat gespanne is en treë word kort en/of onreëlmatig;
- ✘ Perd wat drafstap, pas of gang, d.w.s. nie meer 4-slag maat nie;
- ✘ Perd wat kontak vermy met kop te hoog of te laag en nie met ’n stil kop stap nie;

- ✘ Kop skeef dra;
- ✘ Perd se kopprofiel te ver voor of agter die vertikaal;
- ✘ Met te lang teuels stap en sodoende styl verloor;
- ✘ Nie aktief genoeg in die agterlyf nie, trap dus nie diep genoeg met sy agterbene nie;
- ✘ RIB is versteur;
- ✘ Spoor nie en/of loop skeef;
- ✘ Perd lyk verveeld.

### Wenke

- Die beoordelaar moet seker maak dat elke perd se stap deeglik geëvalueer word.
- Aangesien dit een van die basiese bewegings is, behoort elke perd dit redelik te kan doen en sal daar meer gediskrimineer word teen swak stappers.

### 3.2 SAAMGEVATTE DRAF

- Dit is 'n diagonale beweging met 'n 2-slag maat;
- Matig, hoë, korter veerkragtiger tree terwyl die perd se liggaam verkort Die agterhoewe trap duidelik op of agter die voorhoef spore die saamgevatte draf is meer gekollekteer as die gestrekte draf;
- Die nek word hoog en die skouer vry gedra;
- Die kop profiel moet vertikaal wees;
- Die kop moet stil wees;
- Hakke word goed beset en beweeg energiek en veerkragtig;
- Die perd se rug moet soepel wees en die stert behoort op te lig en liggies heen en weer swaai;
- Let op na ritme, impulsie en balans (RIB);
- Perd moet spoor en agter- en voorkwart moet in lyn wees.

### Foute & Diskriminasies

- ✘ Perd se kop is nie vertikaal nie;
- ✘ Perd lê (hang) in die drywer se hande (op die voorhand) of hol nek (neus gepunt);
- ✘ Kop en nek is skeef;
- ✘ Beweeg nie reguit vorentoe nie. (Spoor nie) RIB foutief;
- ✘ Aankap en raak trap (balans versteur);
- ✘ Te vinnig draf en styl verloor;
- ✘ Te kort treë met hoë knie-aksie;
- ✘ Hakke wat agterbly;
- ✘ Nie van agter oor die voorhoef merk trap nie;
- ✘ Agterbene wat oopmaak;
- ✘ Deurslaan na ander gange;
- ✘ Swak transisies.

### 3.3 GESTREKTE DRAF

- ✓ Tydens enkeltuig vertonings word die klem op hierdie aanskoulike gang gelê.
- ✓ Die treë word langer vanuit die saamgevatte draf, die perd dek dus meer grond sonder om ritme, impulsie en balans te verloor
- ✓ Die spoed waarmee die perd beweeg is nie van belang nie, solank daar duidelike onderskeid getref kan word tussen die gestrekte en saamgevatte draf tipes.
- ✓ Styl mag onder geen omstandighede ingeboet word nie.
- ✓ Die profiel moet effens voor die vertikaal wees en die nek stylvol gekrom vanuit die kambeen.
- ✓ Voor en agter aksie moet gebalanseerd wees met hakke wat behoorlik gebuig
- ✓ Agterbene moet die onder die lyf intrap.
- ✓ Die krag waarmee die treë verleng word moet uit die agterkwart kom.
- ✓ Die vooraksie moet uit die skouer kom met duidelike kragtige lang hale wat die knie dryf om so na as moontlik aan die horisontale lyn te laat draai.
- ✓ Kragtige gemak met 'n perd wat baie grond dek sonder om styl te verloor is die sleutel

## **Foute & Diskriminasies**

- ✘ Perd wat styl verloor.
- ✘ Agterbene wat nie onder die perd in beweeg nie, dit wil se bly agter of maak oop.
- ✘ Neus gepunt of op die bors (oor of agter die vertikaal)
- ✘ Deurslaan na ander gange – begin gewoonlik galop met die een agterbeen
- ✘ Verloor beheer.
- ✘ Perd se kop na buite gedraai.
- ✘ Aanslaan

### **3.4 INKOM & HALT**

- Na afloop van die vertoning sal die tuigperde inkom vir inspeksie.
- Hulle kan dan bygestaan word deur 'n assistent wat voor die perd kan kom plaasneem hetsy of die assistent langs die drywer gesit het (slegs toelaatbaar op rytuie wat hiervoor geskik is) of langs die baan gewag het.
- Assistent moet korrek geklee wees, soos hanteerders betaam.
- Die perd moet behoorlik kan stilstaan om die beoordelaar kans te gee om veilig om die kar te kan beweeg.

## **Foute & Diskriminasies**

- ✘ Onegalige wegtrek;
- ✘ Perd of perde wat in die borsplaat inspring;
- ✘ Rukkerige of onegalige omdraai wat met 'n halt gepaard gaan.

## **Wenke**

- Sorg dat die stringe ewe lank gestel is;
- Maanhare en withoewe na binne (dubbeltuig);
- Peits in die hand en hand en die punt in die rigting van die linker perd se kop (dubbeltuig) of linkeroor van (enkeltuig);
- Op- en afhalers is toelaatbaar. Die gebruik daarvan speel dus nie 'n rol tydens beoordeling nie;
- Disselboom moet so horisontaal as moontlik wees;
- Enkeltuig disselboomspunte so na as moontlik in lyn met die skouerknoppe.

## **4. DIE POSISIE VAN DIE KOETSIER**

- 'n Netjiese ferm houding agter die leisels sonder om styf en stokkerig te lyk;
- Die hande parallel na voor, elmboë gerieflik teen die lyf en wel in so 'n posisie dat die elmboë nie agter die lyf verbysteek nie met intrek van die perd nie;
- Die voete is gerieflik skuins agtermekaar;
- Ter wille van veiligheid mag vertoners te alle tye een assistent op die kar hê, indien die kar daarvoor geskik is;
- Die assistent moet langs die vertoner sit;
- Slegs een assistent word per kar toegelaat.

## **Foute & Diskriminasies**

- ✘ Dit sal 'n diskwalifikasie wees indien die assistent agterop die kar sit;
- ✘ Swak gedrag en kleredrag van die assistent sal tot diskriminasie lei;
- ✘ Die assistent mag geen kommentaar lewer nie;

## **5. BEOORDELING / JUDGING**

### **5.1 BEOORLEAARSKRITERIA / GENERAL JUDGING CRITERIA**

1	Konformasie & kwaliteit / <i>Conformation &amp; quality</i>
2	Vryheid van gebreke/ <i>Soundness</i>
3	Beweging & balans / <i>Movement &amp; balance</i>
4	Styl & houding / <i>Style &amp; carriage</i>
5	Tipe / Type
6	Trekvermoë & stamina / <i>Ability in harness &amp; stamina</i>
7	Skoling / <i>Schooling</i>

**TIPE / TYPE**

Nuweling : Toon potensiaal

Dames : Reëlmatig, stylvol, elegant & goed afgerig

Mans : Netjies, trots, robuus, goed afgerig & stylvol

Kinders : Goed afgerig, stylvol & gehoorsaam.

Merries - Vroulikheid

Hingste - Manlikheid en kragtig

Reuns - Goed afgerig & stylvol.

*Novice : Displays potential*

*Ladies : Consistent, stylish, elegant & well behaved*

*Gentlemen : Neat, proud, spirited but well behaved*

*Children : Well behaved, stylish & under control*

*Mares - Femininity*

*Stallions - Masculinity & power*

*Geldings - Stylish*

**Notas**

1. Gebalanseerde vertoning van alle gange
2. Enkeltuig aksie spoed en styl
3. Inspeksie van toerusting (tuig), karretjie en uitrusting van die ruiter en die algemene kondisie en gesondheid van die perd, bene & bek
4. Beslaning van/en hoewe mag ook ondersoek word
5. Geen koetsier onder 12jaar word in enige tuig klasse toegelaat nie

**Notes**

1. *Balanced show through all gaits*
2. *Single harness action speed and cadence*
3. *Inspection of tack (harness), carriage and riders turnout, general condition and health of the horse, legs and mouth*
4. *Shoeing of/and hooves may also be inspected.*
5. *No drivers under 12 years will be allowed in any harness class*

**5.2 ALGEMENE BEOORDELAARSPROSEDURE / GENERAL JUDGING PROCEDURES**

1	Gaan arena binne anti-kloksgewys (of links om) op 'n saamgevatte draf (Dadelik onder beoordeling)/ <i>Enter arena in a counter clockwise direction and proceed at a collected trot (Immediately being judged)</i>
2	Op bevel, gestrekte draf / <i>On command, extended trot</i>
3	Op bevel, stap/ <i>On command, walk</i>
4	Op bevel, draai om in 'n halfsirkel na die binnekant van die arena / <i>On command, turn around in a half circle to the outside of the arena</i>
5	Sonder bevel, gaan onmiddellik voort in 'n saamgevatte draf / <i>Without command, immediately proceed in a collected trot</i>
6	Op bevel, gestrekte draf/



	<i>On command, extended trot</i>
7	Op bevel, stap/ <i>On command, walk</i>
9	Op bevel, kom perde in om op te lyn vir algemene inspeksie in 'n draf / <i>On command, horses will come in to line up for inspection in a trot</i>
11	Na aankondiging van plasinge, sal perde 'n volle ere rondte draf en die arena verlaat / <i>After announcement of placings, horses will trot a full round of honour leaving the arena</i>

## 6. SIERTUIG

Die siertuig klasse verskil van die enkeltuig klasse hoofsaaklik omdat daar tydens hierdie klasse daar slegs twee gange beoordeel word nl. die stap en die pronkdraf.

### 6.1 DIE STAP

Dit is dieselfde platvoet stap soos omskryf in die enkeltuig gedeelte.

### 6.2 DIE PRONKDRAF

Die pronkdraf is die gang waarop die klem gelê word in hierdie klas. Daar kan amper nie genoeg klem op die statige, afgemete, vasberade voorkoms van die pronkdraf gelê word nie, amper asof die voorbeen opgelig word, die perd uit die hoogte kyk wie hulle aan hom verwonder en dan die hoof grasiuus en vies vir die grond neersit.

- Die pronkdraf is 'n baie ritmiese suiwer draf, uitgevoer met baie gemak maar tog met die hoogste mate van kolleksie;
- Spoed is tydens hierdie gang stadiger as tydens die gestrekte draf en behoort net genoeg te wees om 'n ritmiese, baie aanskoulike, uiters elegante beweging te kan uitvoer sonder dat dit lyk asof dit enigsins vermoeiend vir die perd is;
- Hoë gebalanseerde aksie wat steeds grond dek;
- 'n Duidelike suspensie van die hoewe in die lug;
- 'n Statige, grasiuuse elegant ritme met die beweging waarna gestreef word;
- Die kop moet hoog gedra word;
- Die nek word gekrom vanuit die kambeen;
- Die totale krag van die beweging moet duidelik uit die agterkwart gestu word;
- Die agteraksie is baie belangrik maar moet steeds in balans met die vooraksie wees.

### Foute & Diskriminasies

- × Te vinnig;
- × Verlies aan styl;
- × Perde wat in die toom lê;
- × Ongebalanseerde aksie;
- × Rukkerige trekvermoë tydens rigting veranderinge;
- × Verlies aan belangstelling;
- × Perde wat swaar op die hoof is;
- × Hakke wat nie onder die perd in werk nie;
- × Bekke wat oop is in duidelike onvermoë van die perd om homself te dra;
- × Te min veerkrag.

## 7. DIE BES AFGERIGTE ENKELTUIG PERD

Eenvoudige toetse moet daargestel word om die vermoë, temperament en afrigting van die perd te toets.

- Toerusting wat gebruik gaan word vir aanwysers of merkers moet geen gevaar inhou vir die perd, drywer of kar nie.
- Die gebruik van plastiese kegels of strooibale is 'n aanbeveling.

- Die toets wat deur die beoordelaar vooraf uitgewerk word moet duidelik en verstaanbaar aan die drywers oorgedra word deur die baanbeampte voor die klas begin.
- Minstens 3 verskillende toetse moet uitgevoer word.

Voorbeelde van toetse wat gevra kan word:

### 7.1 MOONTLIKE KOMPONENTE VAN 'n INDIVIDUELE TOETSE VAN DIE BES AFGERIGTE PERD

- Elke toets kan uit 10 punte tel waarna die 3 of 4 individuele toetse se punte bymekaar getel word om die wenner van die klas te bepaal. 'n Standaard vorm is verkrygbaar daarvoor.
- Perde mag nie gevra word vir 'n galop in hierdie klas nie.

1	Halt & tru 3-5 treë <i>Halt &amp; rein back</i>
2	Draf 'n figuur 8 <i>Trot a figure 8</i>
3	Draf 'n figuur 8 met een hand waar die peits met die ander hand in die lug gehou word <i>Trot a figure 8 with one hand, holding the whip with the other hand</i>
4	Draf 3 half-sirkel kronkeldraaie <i>Trot a 3-loop serpentine</i>
5	Halt tussen 2 voorwerpe vir 'n bepaalde tyd (10 tellings) <i>Halt between two objects and stand immobile for a few seconds</i>
6	Vleg deur kegels of bale <i>Weave between cones or bales</i>
7	Draf of stap oor 'n seil <i>Trot or walk across a sail</i>
8	Draf of stap 'n 'L-vorm" <i>Trot or walk a dog's leg</i>